Tuinroete

FET-studente kry hul graad

GEORGE. – 'n Fasiliteerder by Africa Skills, 'n FET-kollege op die dorp, het 'n groep studente wat hul kursus voltooi het, geprys vir hul prestasie.

Susan Beyers, die fasiliteerder, het gesê op 1 September 2011 het sy "die grootste geskenk van haar lewe" gekry toe sy 'n nuwe werk by die kollege begin het. Die geskenk was in die vorm van 26 studente wat graag die sakewêreld wou betree deur middel van die kursus New Venture Creation.

Op 29 April vanjaar was al die swoeg en sweet verby toe die studente se gradeplegtigheid by die Hyatt-gholfoord by Oubaai gehou is.

Elsie Harmse, die uitvoerende bestuurder van Africa Skills, het in haar toespraak benadruk hoe belangrik mentorskap is.

Nog hooggeplaastes wat die geleentheid bygewoon het, is Portia Mkhabela, projekbestuurder van die vervoerseta Teta. Sy het gesê dit is selde dat 'n hele klas studente gelyktydig die kursus voltooi.

Sabelo Mbuku, ook van Teta, het aan die studente gesê hulle moet die einde van die kursus as die begin van die toekoms sien.

Johanna Josephs en Clive Baartman het namens die studente 'n terugblik op die kursus gegee.

Ronnelie Stevens, operasionele bestuurder van Africa Skills, het die studente se sertifikate aan hulle oorhandig.

Beyers het gesê vir haar en Llona Basson, wat as fasiliteerders en assessors opgetree het, was die plegtigheid 'n groot beloning vir 'n taak wat hulle na die beste van hul vermoë uitgevoer het.

Beyers het die studente in April 2012 verlaat toe sy as 'n fasiliteerder by die kollege se afdeling ingenieurswetenskap aangestel is.

Talle studente het sakeondernemings, en ander het reeds werke aanvaar waar hulle meer ervaring sal opdoen. Nog een wil haar sakeonderneming in Gauteng uitbrei. – **Suid-Kaapse redaksie**

DIE BURGER Donderdag 23 Mei 2013

Kontreikiekies

Studente van die Africa FET Kollege op George wat die New Venture-kursus voltooi het, wys die sertifikate wat hulle op 'n plegtigheid by Oubaai ontvang het. Voor is, van links, Ncebakazi Gosa, Cecekua Williams, Nandipha Bobotyana en Georgia Frolick. In die middel, ook van links: Fillicity Olivier, Llona Basson (fasiliteerder), Antoinette Joseph, Delmonic Jantjies, Zanele Da, Beverly-Ann Jansen en Johanna Josephs. Agter staan Sebelo Mbuku (Teta), Sinovuyo Ntanyana, Portia Mkhabela (Teta-projekbestuurder), Susan Eybers (fasiliteerder), Elsie Harmse (Africa Skills-bestuurder), Louwaine Kampher, Ronnelie Stevens (Africa Skills se operasionele bestuurder), Clive Baartman, Julian Windvogel, Danian Tshefa, Sarah Jantjies en Masixole Lewies. Foto: VERSKAF

DIE BURGER Donderdag 9 Mei 2013

Kontreikiekies

Die gradeplegtigheid van die FET-kollege Africa Skills op George is onlangs by Oubaai gehou. Van links staan Llona Basson, Susan Eybers (fasiliteerders), Sabelo Mbuku (van die vervoerseta Teta), Portia Mkhabela (projekbestuurder, Teta), Elsie Harmse (besturende direkteur, Africa Skills) en Ronnelie Stevens (operasionele bestuurder, Africa Skills). Foto: VERSKAF